Die Burger 12 Maart 1999

(Uittreksel uit langer berig.)

Mariana Malan

Een van die aangenaamste verrassings in 'n lang tyd is Al & Pêlle se eerste CD, My hond Fanie. Jy wonder onmiddellik of hulle voorheen by ander groepe betrokke was, want die musiek en lirieke is goed vir 'n eerste poging.

Die verrassing is dus dubbel so groot as jy verneem dat hulle werklik net ``langer as rukkie'' saam musiek maak en dat al die liedjies ook betreklik onlangs geskryf is.

Die CD spog met een van die oorspronklikste omslae in 'n lang tyd, en lekker liedjies. Al kan hulle nie as groot poësie of meesterstukke beskryf word nie, het dit 'n vars aanslag wat dadelik die aandag trek.

Dit help natuurlik dat Andrew Roos as onder meer verwerker en Willem Möller as klankingenieur betrokke was. Sonder om te spog, word die betrokkenheid van Philip Moolman, Karen Meiring en Mauritz Lotz ook vermeld.

Dis moeilik om die soort musiek vas te pen, maar dit neig na rock in boeremusiektradisie. As dit nog nie interessant genoeg klink nie, kan 'n mens die kunstenaars self aanhaal wat meen hulle maak hoofsaaklik ``boere rock en tjank''.

Sonder om een snit bo 'n ander uit te sonder, is dit tog interessant dat ``Hell's Angel'' aan Die Burger se eie kunstenaar Fred Mouton opgedra is.

Die onderwerpe waaroor gesing word, is uiteenlopend, maar 'n Kaapsheid strek deur alles, al word oor uiteenlopende onderwerpe soos 'n hond, 'n straatkind en 'n soldaat se dood in Angola gesing.

Die CD word by die Klein Karoo Nasionale Kunstefees amptelik bekend gestel, waar Al en sy pêlle ook vier keer sal fees optree.